higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDING N4

(7080094)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT OF HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

spraakterapeut; neuroloog; arbeidsterapeut; optometris; pediater; psigiater; sielkundige; maatskaplike werker; fisioterapeut; oudioloog

1.1 Hierdie persoon toets die ore vir moontlike gehoorverlies.

1.2 Hierdie persoon kan help as 'n kind nie die 'r' korrek kan uitspreek nie.

1.3 Hierdie persoon kan emosionele probleme behandel, maar is nie 'n mediese praktisyn nie.

1.4 Hierdie persoon kan help om leerprobleme te diagnoseer deur die evaluering van breinaktiwiteit.

1.5 Hierdie persoon spesialiseer in die behandeling van kinders en babas.

1.6 Hierdie persoon behandel emosionele probleme en kan medikasie voorskryf vir depressie en ander probleme.

1.7 Hierdie persoon ontwikkel oefeninge om fisiese probleme reg te stel.

1.8 Hierdie persoon probeer oplossings vir sosio-ekonomiese probleme in huishoudings vind.

1.9 Hierdie persoon toets oë en skryf 'n bril voor.

1.10 Hierdie persoon help mense om ná 'n besering weer terug werk toe te gaan.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Fisiese ontwikkeling sluit die ontwikkeling van die groot en klein spiere in.

2.2 Estetiese ontwikkeling verwys daarna om in staat te wees om tussen reg en verkeerde te oordeel.

2.3 Kognitiewe- en intellektuele ontwikkeling is dieselfde.

2.4 Emosionele ontwikkeling sluit die ontwikkeling van 'n goeie selfbeeld uit.

Kopiereg voorbehou

2.5 Om te leer om beurte te maak, om te deel en om bedagsaam te wees teenoor ander mense, is deel van sosiale ontwikkeling.

2.6 As jy iets nuuts en oorspronklik kan maak, ontwikkel jy jou kreatiwiteit.

2.7 Morele normatiewe verwys na die waardering vir die mooi en artistieke aspekte in die lewe.

2.8 Selfbeeld verwys na die beeld wat ander mense van jou het.

2.9 Babas kan slegs taal verstaan voordat hulle kan praat.

2.10 Godsdienstige ontwikkeling verwys na 'n persoon se geslag.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing van KOLOM B wat ooreenstem met 'n woord of term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Versterking	A	verwys na die teenoorgestelde van veralgemening
3.2	Vorming	B	word gebruik om die gedrag aan te moedig
3.3	Uitwissing	C	reageer op verskillende stimuli
3.4	Spontane herstel	D	die stimulus word gevolg deur 'n reaksie
3.5	Veralgemening	E	kognitiewe leerteorie
3.6	Diskriminasie	F	leer vind plaas terwyl die omgewing verken word
3.7	Klassieke kondisionering	G	skinner se teorie
3.8	Operante kondisionering	H	gedrag word aangemoedig
3.9	Tolman	I	as die stimulus nie gereeld gegee word nie, hou die gedrag op
3.10	Piaget	J	die reaksie verskyn weer spontaan

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Volgens Albert Bandura leer ons deur gedrag in 'n sosiale omgewing waar te neem.

Verduidelik hoe ons leer deur te verwys na die volgende elemente.

4.2.1 Aandag

4.2.2 Geheue

4.2.3 Motoriese beheer/reaksie

4.2.4 Motivering

4.2.5 Sosiale leer

(5 × 2) (10)

4.2 Gee EEN woord of term vir die volgende perseptuele probleme wat by kinders met leerprobleme voorkom. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

ouditiewe geheue; visuele volgorde; posisie in die ruimte; afsluiting; voorgrond-agtergrond diskriminasie

4.2.1 Die kind sien nie die belangrike voorwerp in die prentjie raak nie - raak verward deur die detail in die agtergrond.

4.2.2 Die kind kan nie die laaste legkaartstukke gebruik om die prentjie te voltooi nie.

4.2.3 Die kind ervaar probleme om te bepaal of hy voor, agter of langs 'n stoel is.

4.2.4 Die kind kan nie die woorde van 'n rympie onthou nie.

4.2.5 Die kind is nie instaat om die volgorde waarvolgens die prente behoort geplaas te word, te verduidelik nie.

(5 × 2) (10)

4.3 4.3.1 Geheuekaarte is 'n waardevolle leermiddel. Wat is die voordele om te studeer met behulp van 'n geheuekaart?

Noem VIER voordele. (4)

4.3.2 Gee instruksies aan 'n medestudent oor hoe om 'n geheuekaart op te stel. (5 × 2) (10)

4.3.3 Stel 'n geheuekaart op oor VYF aspekte wat vir jou belangrik is. Gebruik jou naam in die middel as die onderwerp. (5 × 2) (10)

4.4 Geheue is die proses waardeur jy inligting stoor en herroep. Identifiseer die verskillende tipes geheue in die gegewe inligting.

4.4.1 Tensy jy aandag gee, sal die inligting binne enkele sekondes vervaag.

4.4.2 Hierdie geheue het 'n beperkte duur en 'n beperkte kapasiteit.

4.4.3 Jy kan onthou wat jy vroeër in die kwartaal geleer het.

(3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 5

5.1 'Deur spel leer die kind oor die wêreld.' Gee 'n voorbeeld van 'n speelding /-stuk toerusting wat tydens die volgende soorte spel gebruik kan word. Noem die speelding en verduidelik kortliks hoe dit gebruik moet word.

5.1.1 Sand- en waterspel

5.1.2 Konstruksiespel

5.1.3 Fantasiespel

5.1.4 Probleemoplossingspel

5.1.5 Morsige spel

(5 × 2) (10)

5.2 Jy moet inligting oor die onderwerp van *leerprobleme* aan die ouers verskaf.

5.2.1 Verduidelik die verskil tussen 'n verstandelik gestremde kind en 'n kind met leerprobleme. (2 × 2) (4)

5.2.2 Verduidelik aan die ouers, VIER tekens en simptome van 'n kind met leerprobleme. (4 × 2) (8)

5.2.3 Dit mag wees dat hulle kind hiperaktief is.

Verduidelik VYF tekens en simptome van 'n hiperaktiewe kind waarna hulle kan oplet. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.2.4 Daar is verskillende faktore wat leerprobleme kan veroorsaak, naamlik:

omgewing; faktore aangaande onderwys; faktore binne die kind.
Identifiseer die spesifieke faktore in die volgende scenario's.

(a) Swak sosio-ekonomiese faktore.
(b) Diskriminasie in die klaskamer.
(c) Die kind is depressief.
(d) Groepsdruk.
(e) Groot hoeveelheid leerders.

(5 × 2) (10)

5.3 Wat is die kenmerke van 'n goeie dagversorging?

Noem VIER aspekte wat jy sal oorweeg wanneer jy 'n dagsorgsentrum vir jou kind kies. (4 × 2) (8)
[50]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die ILLUSTRASIE hieronder.

Verduidelik hoe die volgende aspekte in die gegewe situasie ontwikkel kan word.



6.1.1 Kognitiewe ontwikkeling

6.1.2 Taalontwikkeling

6.1.3 Sosiale ontwikkeling

6.1.4 Fisiese ontwikkeling

6.1.5 Kreatiewe ontwikkeling

(5 × 2) (10)

6.2 Intellektueel gestremde kinders het 'n IK van minder as 70.

6.2.1 Noem VIER oorsake van intellektuele gestremdheid. Kan die spesifieke oorsaak voorkom word? Motiveer jou antwoord. (4 × 2) (8)

6.2.2 Noem VYF tekens en simptome van intellektuele gestremdheid. (5)

6.2.3 Bespreek die rol van die opvoeder in die lewe van die gestremde kind. (4 × 2) (8)

6.2.4 Hoe kan die ouers hul gestremde kind by die huis help? Gee VIER wenke. (4 × 2) (8)

6.3 Verduidelik die volgende terminologie:

6.3.1 Estetiese.

6.3.2 Moreel normatief.

6.3 3 Godsdienstig.

6.3.4 Fyn motoriese beweging.

6.3.5 Oog-handkoordinasie.

(5 × 1) (5)

6.4 Hoeveel aspekte is belangrik om te ontwikkel in die algehele kind-benadering? (1)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou